RAPPORT (Gauteng)
Sunday, 8 June 2008, p. 9

Bederf pa in Wieg van die Mensdom

Vier Vadersdag luuks

BUKS PIETERSEN

Mense kan nou maar sê wat hulle wil van spesiale dae soos Kersfees, Moedersdag, Vadersdag en Valentynsdag wat kwansuis niks anders as 'n geldmakery is nie.

Ek sê steeds dis lekker om 'n pa te wees en dis lekker om nog op Vadersdag as 'n gesin bymekaar te kom, al is dit dan net ter wille van die geselskap en samesyn en om die "oukêrel" se hart warm te maak.

Volgende naweek beplan ons gesin om dié dag in die Wieg van die Mensdom by Krugersdorp deur te bring.

En glo my, ons gaan nie net ons wortels soek daar tussen die fossiele van ons oer-voorvaders nie.

Die vierster-Maropeng-hotel bied vir R355 per persoon op Saterdagaand 'n driegang-ete wat voorafgegaan word deur 'n konjak-proe en selfs 'n spesiale geskenk vir pa.

En as pa en ma dalk die nag daar wil tuis gaan, kan die kinders maar gerus R1 240 uithaal vir die twee oues se spesiale bederf in luukse verblyf teen R620 per persoon, wat ook 'n volle, tradisionele Engelse ontbyt die volgende oggend insluit.

Die hotel bied op Sondag ook 'n spitbraai aan by die Tumulus-restaurant vir R195 per persoon, of 'n aansit-middagete vir R210.

Kontak Sylvia by info@maropeng.co.za of bel haar by ☎ 014-577-9000 vir besprekings of meer inligting.

Middagete saam met jou oer-voorvaders by Maropeng in die Wieg van die Mensdom. Wat 'n briljante idee vir Vadersdag!

Foto: CHRISTIAAN KOTZE